Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Thabani Nobokwana**
Direktoraat: Kennis- en Inligtingbestuur
Thabani.Nobokwana@westerncape.gov.za | 021 828 3070

Lêerno.: 2/9/4/3
Verwysing: 20241028-7772

Kennis-en-inligtingbestuursminuut: 0007/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde van subdirektorate en afdelingshoofde (Hoofkantoor en distrikskantore)

**Onderwerp: Rooster vir ITOPSCOM-vergaderings vir 2025**

1. Die Bestuurskomitee (ITOPSCOM) vir Inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement is 'n uitbreiding van die ITSTEERCOM en vergader maandeliks, soos in die onderstaande tabel uiteengesit, om aansoeke vir standaard- IKT-toerusting te evalueer.

2. Verantwoordelikheidsbestuurders moet die goedgekeurde ITOPSCOM-aansoekvorm (Bylae A) voltooi wanneer IKT-goedere en -dienste aangevra word. Die volledig voltooide, ondertekende en oorspronklike aansoek moet by die sekretariaat van ITOPSCOM, 12de Verdieping, Wharfplein-noord 1, Kaapstad, ingedien word. Alle aansoeke moet die sekretariaat minstens een week voor die vergadering bereik. Sodra dit ter tafel gelê is, sal die aansoeker/versoeker 'n afskrif van die goedgekeurde aansoek vir verdere verwerking ontvang. As die aansoek egter van die hand gewys is, sal hulle per e-pos daarvan in kennis gestel word.

3. Die ITOPSCOM sal slegs standaard- IKT-items evalueer. Die lys met standaarde (Bylae B) word gereeld deur DotP:Ce-I bygewerk en is aanlyn beskikbaar by https://mygov.westerncape.gov.za/services/it-policies-documents-and-forms. Alle niestandaard-aansoeke sal met 'n aanbeveling na die ITSTEERCOM verwys word.

4. Die aansoek vir IKT-toerusting wat vervang moet word, moet vergesel wees van 'n tegniese verslag wat die rede vir die vervangingsversoek uiteensit. In gevalle waar IKT-toerusting vir nuwe aanstellings aangekoop word, is 'n motivering nodig om te staaf of enige toerusting voor die aanstelling in die pos voorsien is, en waarvoor die toerusting gebruik sal word.

5. Maak asseblief seker dat die ITOPSCOM-aansoekvorm aandui of toerusting hertoegewys en/of afgeskryf sal word, in welke geval Verskaffingskettingbestuur daarvan in kennis gestel moet word om die veranderinge op die bateregister aan te bring.

6. Die rooster vir die ITOPSCOM-vergaderings vir die 2025-kalenderjaar en die inhandigingsdatums vir aansoeke is soos volg:

| DATUMS VAN VERGADERINGS | TYD | SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE |
|---|---|---|
| 29 Januarie 2025 | 09:00 – 12:00 | 22 Januarie 2025 |
| 26 Februarie 2025 | 09:00 – 12:00 | 19 Februarie 2025 |
| 26 Maart 2025 | 09:00 – 12:00 | 19 Maart 2025 |
| 30 April 2025 | 09:00 – 12:00 | 23 April 2025 |
| 28 Mei 2025 | 09:00 – 12:00 | 21 Mei 2025 |
| 25 Junie 2025 | 09:00 – 12:00 | 18 Junie 2025 |
| 30 Julie 2025 | 09:00 – 12:00 | 23 Julie 2025 |
| 27 Augustus 2025 | 09:00 – 12:00 | 20 Augustus 2025 |
| 30 September 2025 | 09:00 – 12:00 | 23 September 2025 |
| 29 Oktober 2025 | 09:00 – 12:00 | 22 Oktober 2025 |
| 26 November 2025 | 09:00 – 12:00 | 19 November 2025 |

7. Alle navrae oor die rooster vir ITOPSCOM-vergaderings kan per e-pos gestuur word aan Thabani.Nobokwana@westerncape.gov.za of gerig word aan die assistentdirekteur: IKT-koördinering (Kennis- en Inligtingbestuur) by tel. 021 828 3070.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

**GETEKEN:** MS ABRAHAMS
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING**
**DATUM:** 2024-11-07